

Inhoud Hierdie preek wys dat ons sondige geaardheid maak God se wet die krag vir ons sonde om nie mense te wil wees nie, maar om deel van die goddelike krag, lewe en mag van God self te wil wees. Dit is hoe die moderne geestelikheid vandag die krag van ons sondige geaardheid die mag van hulle geestelikheid maak – hulle maak ons wil om so groot soos God te wees, die bedoeling van hul geestelikheid. Christus verbreek die krag van ons sondige geaardheid deur ons kinders van God te maak. Deur ons kosbaar vir God se liefde te maak, verbreek Christus die sondige aard in ons wat God se wet hoor as die wyse waarop God ons klein wil maak teenoor sy grootheid as God. As kosbare kinders van die Vader hoor ons in sy voorskrifte die kosbaarheid van ons pligte as kinders van God.

Skriflesing 1 Kor.15: 56; Rom. 7: 5,6,7-13, 24,25; 8: 1-4; 13-15.

Teks Rom. 8: 2 “Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.”

Tema God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak

1. In 1 Korintiërs 15: 56 maak Paulus hierdie ingrypende stelling: “die sonde kry sy krag uit die wet van God.” Wat maak sonde so kragtig dat ons dit doen al weet ons dit is verkeerd en al weet ons dit is goed en reg om te doen wat die wet van God vir ons sê?

Wat Paulus hier uitwys hoor ons nie. Dit gaan sommer verby ons sonder dat ons enige begrip het vir die stelling wat hy hier maak. Die rede hiervoor is dat ons van kleinsaf ander geleer word dat van ander kragte wat ons sonde so sterk maak dat ons dit teen ons betewete doen, as die krag van sonde wat Paulus hier uitwys.

- Ouers glo baie graag dat dit hul kinders se slegte maats of die slegte invloed van hul maats is wat hulle sonde só kragtig maak dat ouers feitlik magteloos staan teenoor die sondes van hul kinders.
- Sonde lyk weer vir party pastore en geestelikes so kragtig dat hulle glo dat dit die krag van die duiwel en demone is wat mense se sonde so kragtig maak.
- Mense wat in verhoudings met mekaar leef, en magteloos staan teen die kragtigheid van ’n geliefde se sonde, wil weer glo dat dit een of ander persoonlike afwyking of geestesversteuring is wat ’n geliefde se sonde so kragtig maak.
- Mense wat in hul self magteloos voel teenoor hul eie sonde soos Paulus dit stel: “So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek

doen is die slegte”, (Rom. 7:21) glo weer dit is hulle slegte kinderjare en swak omstandighede wat hul so magteloos teenoor die krag van hul eie sonde laat voel.

Met hierdie wanopvatting oor wat die sonde so kragtig maak, kan ons glad nie hoor wat Paulus in hierdie vers vir ons sê nie: die sonde kry sy krag uit die wet van God uit!

2. Kom ons kyk of ons kan hoor wat Paulus hier sê! Wat ons eie sonde, ons kinders se sonde en ons geliefdes se sonde so kragtig maak, is nie vriende nie, nie die duiwel of demone nie, nie persoonlike afwykings of slegte kinderjare nie – dit is die wet van God. Die wet van God is die Tien Gebooie! Dit is die stelling wat Paulus maak: die Tien Gebooie is die krag wat sonde so sterk maak dat dit mense magteloos maak teen die kragtigheid van sonde!

Dit beteken dat al wat jy nodig het dat jou sonde so sterk is dat jy die slegte doen, al wil jy die goeie doen, is die Tien Gebooie. Nie slegte vriende nie, net 'n dominee wat vir jou die Tien Gebooie van die kansel af lees; nie die duiwel of demone nie, net 'n ouderling wat vir jou wys jy moenie die Tien Gebooie oortree nie; nie een of ander persoonlike afwyking nie, maar met 'n goed gebalanseerde en geïntegreerde persoonlikheid, sonder enige psigiatrisiese siekte, het jy net iemand nodig wat vir jou voorskryf om die Tien Gebooie te gehoorsaam; en iemand met goeie kinderjare se sonde word net so kragtig gemaak deur die Tien Gebooie as iemand met slegte kinderjare.

Dit is presies hoe Paulus wys hoe kragtig die Tien Gebooie maak in Romeine 7!

- Dit is die Tien Gebooie wat die sondige hartstogte binne ons wakker en kragtig maak. Dit beteken die Tien Gebooie maak die lus vir sonde in ons wakker, nie slegte vriende, demone, persoonlike afwykings of slegte kinderjare nie. Rom. 7: 5
- Dit is die Tien Gebooie wat elke soort begeerte in ons aan die gang sit en sonde 'n vastrapplek in ons lewe gee, nie slegte vriende, demone, persoonlike afwykings of slegte kinderjare nie. Rom. 7: 8
- Ons word deur die Tien Gebooie mislei om sonde te doen en vir God dood te wees. Rom. 7: 11, nie slegte vriende, demone, persoonlike afwykings of slegte kinderjare nie.

3. Hierdie laaste sin klink asof dit nie in die Bybel mag staan nie: ons word deur die Tien Gebooie mislei, dit beteken dieselfde as verlei, om sonde te doen! Dit is hoekom ons nooit hierdie deel van die Bybel regtig kan hoor nie. Hier staan regtig

God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak

dat ons deur die Tien Gebooie mislei word om sonde te doen, nie deur slegte vriende, demone, persoonlike afwykings of slegte kinderjare nie

Paulus noem die Tien Gebooie waardeur ons mislei word om sonde te doen in Rom. 8:2 “die wet van sonde en dood.” Dit is die wet waardeur ons sonde doen en vir God dood is.

Hoe kan dit waar wees?

Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat iets vir ons kan duidelik maak oor hierdie geloofswaarheid wat die Bybel ons leer oor wat sonde so kragtig maak dat ons teen ons beterwete sonde doen!

Dit is vir die kategesekinders die bekende “koekievoorbeeld”!

Die voorbeeld werk só! Dit gaan oor 'n kleinboetie en 'n groot boetie of sussie! Klein boetie sit agter die rekenaar en speel 'n speletjie. Waaraan dink hy en waarvoor is hy lus? Al waaraan hy dink is die speletjies, watter gedroeg hy moet doodmaak, watter wapens hy moet gebruik, hoe hy meer punt kan kry en op 'n hoër vlak kan kom. Hy is net lus vir die speletjie, niks anders nie. Dan kom sy groot boetie in met sakke koekies en koeldrank van die dorp af, gaan bêre dit in die kaste en kom sê vir sy klein boetie: “Ek en my groot vriende gaan Vrydag 'n partytjie hou. Jy los ons koekies en koeldrank in die kas uit!

Waaraan dink hy nou? Hy kyk nog na die droggies op die skerm maar al wat hy op die skerm raaksien en aan dink, is koekies. Sy vingers tik nog maar al waarvoor hy nou lus is, is koeldrank en koekies. Wat het hierdie lus in hom wakker gemaak? Sy boetie se wet: “Moenie die koekies in die kas vat nie.” Niks anders nie, nie slegte vriende, demone, moeilike kinderjare of persoonlike probleme nie.

Wat gaan hy doen as sy boetie sy rug draai? Hy gaan sy koekies en koeldrank vat! Al weet hy dit is verkeerd! Al weet hy hy gaan verskriklik getimmer word en almal gaan met hom raas en baklei. Hy gaan die koekies vat! Die snaakste van hierdie krag is dat as hy voor die kas kom dan sien hy dit is die koekies en koeldrank waarvan hy nie hou nie, maar dit keer niks! Hy gaan dit nog steeds eet en drink. So kragtig maak sy boetie se wet hom lus en beslis vir sonde.

4. Hoekom? Wat is die krag van hierdie wet dat dit die klein boetie gefokus, begeesterd en gemotiveerd maak vir sonde. Dit gaan oor groot en klein. Met sy wet het sy boetie vir hom gewys hy is die kleintjie en hy mag nie saam met die grotes eet en drink nie. Met elke koekie wat hy eet wys hy hy is nie klein nie en sy boetie is nie so groot as wat as wat hy om probeer hou nie.

God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak

Dit is hoe God se wet die krag word vir mense om doelbewus, doelgerig, gefokus, begeesterd en gemotiveerd sonde te doen! Deur die wet van God hoor mense God is groot en magtig en dwing sy wil af op ons sodat ons moet weet ons is klein en swak. Wie die wet só hoor, sal vir God wys hy kan groot wees deur te doen wat God vir hom sê om nie te doen nie. Dit is die krag waarin elke sonde gedoen word: om nie so klein en swak te wees as wat jy hoor god jou maak nie en om jouself met jou sonde groot te bewys.

Is dit wat God met sy wet doen? Om vir mense te wys hulle is swak en klein en te wys hoe groot en sterk God is? Paulus verwerp dit summier deur te sê: “Die wet is dus heilig, en sy voorskrifte is heilig en reg en goed.” (Rom. 7: 13) God wys vir mense in sy wet hoe kosbaar, heilig hulle en hul lewe vir God is, nie hoe klein en swak hulle is nie en hoe groot en sterk God is nie!

5. Nou wat is dan die probleem?

Paulus stel dit só: “Inteendeel, die sonde het vir my die dood gebring. Dit het die sonde gedoen deur iets wat goeds is, sodat die sonde in sy ware aard as sonde bekend sou word en dit deur die gebod sou blyk hoe skrikwekkend die sonde is.” (Rom. 7: 13) Die probleem is mense se sondige geaardheid!

Die sondige geaardheid van die mens werk só: wanneer God vir ons in sy wet wys hoe kosbaar ons vir Hom is, hoe Hy ons wil lei om die volle betekenis van ons lewe te kan vind en uitleef, hoe Hy ons wil bewaar dat ons nie die bedoeling van ons lewe as mens verloor en só ons self verloor nie, dan hoor ons net “klein en groot.”

Die sondige geaardheid van die mens hoor alles wat gaan oor kosbaarheid, as God wat Homself net groot wil bewys en ons klein wil bewys. Dit hoor dat God ons net wil inperk sodat ons nie so groot, so kragtig, so wys, so magtig en goed soos Hy sal word nie, en dat Hy ons met sy wette net wil klein en swak hou.

Ons sondige aard maak dat ons alles wat God vir ons in sy wet sê, hoor binne die magstryd tussen God en ons, as die geveg oor groot en klein! Dit maak alles wat goed is in God se wet 'n magstryd oor wie groot en wie en wie klein is.

Dit is die regte probleem! Mense met goeie vriende, mense sonder demone, mense sonder enige persoonlikheidsversteurings en mense met goeie kinderjare, hoor God se wet as sy manier om ons klein en swak te maak en Homself groot en magtig te hou!

Daarom roep Paulus oor hierdie ellendige toestand in Romeine 7: 24 uit: “Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?” Hierdie lewe waarin ek alles wat God wys hoe kosbaar dit is hoor as sy manier om my te verneder!

God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak

Dit is hierdie geaardheid van mense wat God se wet die wet van sonde en dood maak. (Rom.8:2) Dit maak ons lus en gemotiveerd vir sonde en reg om met God te baklei oor hoekom ons sy koekies mag vat!

6. Christus het nie net gekom om ons van ons sondeskuld te verlos nie. Paulus stel in Rom. 7: 25 dat Jesus Christus gekom het om ons van hierdie doodsbestaan, dat ons altyd net 'n magstryd hoor binne God se wet, te verlos! Christus het ons kom verlos van die manier waarop ons die wet hoor as 'n geveg tussen ons en God oor wie is groot en wie is klein.

Daarom kondig Paulus die doel van Christus se verlossing só aan in Romeine 8: 4 “Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen.” Ons kan die wet anders hoor as 'n geveg tussen ons en god oor groot en klein, en die wet van God is nie meer in ons lewe die krag vir ons sondige geaardheid nie!

Hoe kan dit?

Kom ons kyk weer na ons koekievoorbeeld!

Pa en ouboet sit en braaivleis hou en bespreek die boerdery vir die volgende dag. Kleinboet kom verby hulle geloop met sakke vol koekies en koeldrank en gaan sit dit in die kombuis. Dan kom hy na sy boetie wat besig is om hier saam met sy pa steak te eet en elkeen 'n bier te drink, en sê met 'n kwaai stemmetjie vir sy ouboet: “Moenie my koeldrank en koekies in die kas vat nie!”

Gaan hierdie wet van kleinboet, ouboet lus maak vir koekies en koeldrank? Dit gaan nie. Hy en pa gaan so bietjie lag vir kleinboet en dan aangaan met die planne vir die boerdery. Pa gaan vertel wat ouboet alles moet gaan doen en dit gaan ouboet ook nie lus maak vir sonde nie. Hoekom nie?

Teenoor kleinboet is daar nie 'n magstryd van wie groot en klein bewys moet word nie en teenoor sy pa weet ouboet hoe kosbaar is hy vir sy pa!

7. Dit is hoe Christus ons verlos van die doodsbestaan dat ons God se wet altyd net hoor as 'n geveg oor groot en klein, oor inperking en onderdrukking! Christus maak ons nie God se kleintjies nie. Hy maak ons deel van God se liefde as Vader.

Hy neem alle veroordeling en straf uit die wet van God en maak ons deel van God se liefde op so wyse dat ons as kinders van God die Vader, God ons Vader noem. Paulus stel dit só: “Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees van ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader.”(Rom. 8: 15)

God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak

Liefde maak nie groot en klein nie. Liefde maak kosbaar! En in kosbaarheid is daar geen spanning van wie groot en wie klein is nie. Liefde is nie 'n magstryd tussen wie groot en klein is nie. Liefde maak ons wat ons bedoel is om te wees en dit is die kosbaarheid van liefde.

Hierdie kosbaarheid in liefde verbreek die wat as die krag van ons sonde. Hierdie liefde maak dat ons die wet van God op 'n totaal nuwe manier hoor: wie glo in God se liefde en sy kosbaarheid in God se liefde vind in die geloof in Christus, hoor die wet nou soos Paulus dit beskryf as die wet van die Gees!

Die wet van die Gees is die wet van God wat jou in Christus die lewe gee om sy kosbare kind in sy liefde te wees. Sy liefde wat my vir Hom kosbaar laat wees en my liefde wat Hy vir Homself kosbaar laat wees, met alles waarmee ek sukkel en verkeerd doen.

8. Hoe hoor ons God se wet?

Hoor ons die wet van die Here as die wet van sonde en dood of as die wet van die Gees wat aan ons in Christus Jesus die lewe gee? Die toets hiervoor is eenvoudig. Hoor jy in die wet van God vir Ouboot of jou Pa saam met wie jy boer?

Wanneer jy die wet van God hoor as God se manier om vir jou klein te maak voor sy Grootheid, sy Krag en Almagtigheid om jou so in jou menswees in te perk, te onderdruk, onder geskik te maak en te onderwerp, dan hoor jy die wet van sonde en dood. Dan sal die wet van God vir jou jou krag wees om sonde te doen, sal die wet van God vir jou die krag wees in jou magstryd teen God oor groot en klein. Want in jou sondige gemoed hoor jy die wet van God as Ouboot se wet en is God vir jou niks ander as net Ouboot nie.

Wie egter glo dat Jesus Christus ons ingesluit het in alles wie Hy as mens vir ons in ons plek is, hoor die wet as die wil van God die Vader wat ons sy kosbare kinders gemaak het tot wie ons roep "Abba", ons Vader wat in die hemel is! Rom. 8: 15 In hierdie geloof hoor ons ook in die Vader se wil hoe kosbaar ons in sy liefde en diens is. Daarom hoor ons die wet van God as ons pligte, ons take en opdragte wat ons uit ons liefde in diens van ons Vader wil opneem en uitvoer.

Só laat ons ons deur die Gees van God beheers: ons glo in ons kosbaarheid as kinders van God die Vader wie ons Vader is. Ons laat ons nie deur ons sondige geaardheid beheers wat God as 'n Ouboot hoor wat ons klein wil hou nie. Rom. 8: 5 – 8. Die dinge van die Gees waarmee ons ons besig hou, is ons kosbaarheid as die Vader se kinders. Daarom kan ons ons self nie besig hou met die dinge van ons sondige aard: om God te hoor as die Een wat sy grootheid met wette op ons afdwing teenoor wie ons onself moet handhaaf nie.

God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak

Geloofsgehoorsaamheid is om uit ons geloof in wie Jesus Christus ons vir die Vader laat wees, sy kosbare kinders, met die liefde en diens van ons Vader besig te wees.

9. Die verskriklike van sonde is dat dit die krag van sonde bedryf as die ware godsdiens! Dit is die godsbedryf van geestelikes in ons eie kerk en kerke wêreldwyd.

Volgens ons voorbeeld werk dit só!

Ouboet is mos nie dom nie. Hy weet wat kleinboet gaan doen, wanneer hy vir hom gaan sê hy moenie die groot seuns se koekies en koeldrank in die kas gaan vat nie. Daarom vang Ouboet vir kleinboet met hierdie slenter: Hy maak kleinboet een van die groot seuns. Hy sluit hom in en maak hom deel van die groot seuns se gekuier. Só maak hy kleinboet 'n grootseun. Op hierdie wyse maak hy die krag van sy kleinboet se geaardheid om grootseun te wil, wees, die grootseuns se eie krag. Hulle laat kleinboet glo hy is grootseun en ontmagtig hom in sy drif om in hulle in 'n geveg te gaan oor wie groot en klein is.

Dit is 'n slenter! Ouboet laat kleinboet glo hy is 'n grootseun! Want so beheer hulle sy drif om hulle koekies te vat en wanneer hulle saam kuier, is hy die kleintjie tussen die grotes wat glo hy is groot, en vir wie dit nou 'n eer is om deur die grotes gehiet en gebied te word, terwyl hy glo hy is grootseun!

10 Dit is die nuwe wyse waarop geestelikes vandag mense se sondige geaardheid teenoor God, die krag maak van hulle geestelike bedrywe! Hulle maak God Ouboet wat kleinboet laat glo hy is grootseun!

Dit word vandag orals van kansels, op kampe en in Bybelstudies só gepreek:

- God wil jou deel maak van sy goddelike krag.
- God wil sy goddelike mag met jou deel
- God wil sy goddelike outoriteit met jou deel
- God wil sy raadsplan met sy skepping met jou deel
- God wil sy goddelike lewe met jou deel
- God wil sy goddelike Naam met jou deel

Dit beteken mos God is Ouboet wat jou as kleinboetie 'n grootseun maak! En dan probeer hulle voorhou dat hierdie Ouboet—grootseunverhouding tussen jou en God, maak jou 'n baie meer toegewyde Christen as wanneer God die Vader jou sy kosbare kind maak.

Toegewyd waarin? Om God se koekies wat jy nie mag eet nie, saam met God te eet, omdat God Ouboet is en jou grootseun maak wat sy koekies met jou deel wanneer en soos Hy bepaal!

God verlos ons van die wet as die krag van ons sondige aard deur ons sy kosbare kinders te maak

Om jou so groot soos God te maak, verbreek nie die mag van jou sondige geaardheid nie. Dit maak van jou sug om so groot soos God te wees iets wat God vir jou gee sodat hy jou sondige geaardheid kan beheer tot sy voordeel as God. God maak jou goddelik soos Hy sodat Hy jou sug na grootheid kan beheer.

11. Daar is nie so 'n God wat jou God se grootseun maak nie. Christus die Here maak jou God die Vader se kosbare kind, nie die Groot God se grootseun nie. God beheer ook nie jou sondige aard om so groot soos Hy te wees tot sy voordeel deur jou onder die waanbeeld te bring dat Hy sy goddelikheid met jou deel nie.

Hierdie is die afgod wat geestelikes bedryf sodat hulle jou sondige aard om God se grootseun te kan wees tot hulle voordeel kan bedryf. God is nooit jou Ouboe nie. Hulle is en laat jou as kleinboet teenoor hulle as ouboe leef in die geloof jy is God se grootseun!

So maak hulle jou sondige geaardheid die krag van hul geestelikheid en gebruik hulle die krag van sonde, God se wet, as die krag van hulle geestelikheid.

God maak jou nie groot nie. God die Vader maak jou as mens kosbaar, sy kind sodat jy nie saam met God sy goddelikheid deel nie, maar jy die pligte, die opdragte en voorskrifte van sy wet hoor en aanvaar as die wil van jou Vader.

Grootseun geestelikheid is niks anders nie as om met die dinge van jou sondige natuur besig te wees nie. Rom. 8: 5 – 8. Ons leef in die geloof dat ons God se kosbare kinders is en daarom is ons besig met die dinge van die Gees: die wet van God waarin ons hoor hoe kosbaar is ons diens en liefde vir God in die pligte, voorskrifte en opdragte wat ons hoor en doen as die wil van ons Vader.

Grootseun geestelikheid, hoe om deel van God se krag, mag en lewe te word, is hoe ons met vyandskap teen God as Vader besig is. Rom. 8: 7 Gehoorsaamheid aan die wet as die wil van ons Vader, is hoe ons deur God se Gees beheers word. Rom. 8:9.